

LAERSKOOL HENNOPSPARK



DISSIPLINÊRE BELEID EN GEDRAGSKODE



LAERSKOOL HENNOSPARK

h/v BLACKWOOD- EN MOPANIELAAN
HENNOSPARK
POSBUS 12056
CLUBVIEW
0014

Telefoon: (012) 654-4308
Faks: (012) 654-1663

Geagte Ouers

GEDRAGSKODE VIR LAERSKOOL HENNOSPARK

Die beleid van Laerskool Hennospark is om te alle tye op die positiewe te konsentreer. Ongelukkig moet daar voorsiening gemaak word vir dié wat nie die riglyne wat vir hulle neergelê word, wil of kan gehoorsaam nie. Om dit vir personeel, leerders en ouers makliker te maak, gee ons hierby die volgende gedragskode, sodat GEEN onduidelikhede kan ontstaan nie. Die skool is groot en daarom maak ons staat op almal se samewerking.

Die samestelling van die gedragskode is gebaseer op Algemene Kennisgewing 937 van 1998 en Circular 74/2007 wat uitgegee is deur die Gauteng Departement van Onderwys, sowel as die Suid-Afrikaanse skolewet, 84 van 1996 wat deur die regering aanvaar is.

Hierdie dokument bestaan uit twee dele, te wete

- A Die Gedragskode
- B Die Dissiplinêre beleid van Hennospark.

U as ouer moet asseblief kennis neem dat elke saak volgens meriete hanteer sal word. Goeie dissipline tuis verseker dat leerders dit met gemak by die skool sal aanvaar. Wees konsekwent ten opsigte van die uitvoering van opdragte, take en huisreëls.

Die dokument moet deur alle nuwe leerders (Gr R en ander grade) met inskrywing onderteken word. Die dokument is ook ter insae op die Kommunikator. Gedeeltes van die Gedragskode is in die Dagboek van die leerders opgeneem.

Die uwe

**J RAATH
HOOF**

Skeurstrokie	DISSIPLINÊRE BELEID EN GEDRAGSKODE EN DISSIPLINÊRE BELEID	Klasonderwyser
--------------	--	----------------

Ek, _____, ouer van

_____ Graad ____

_____ Graad ____

_____ Graad ____

Neem kennis van die inhoud van die Dissiplinêre Beleid en Gedragskode van Laerskool Hennospark. Ek onderneem om die inhoud daarvan aan my kind/ers te verduidelik en om hulle by te staan sover moontlik.

HANDTEKENING: _____ **DATUM:** _____

A DIE GEDRAGSKODE

Hierdie dokument verbind alle partye tot die beskerming van regte van opvoeders en leerders asook die daarstelling van 'n wedersydse respek tussen opvoeders, ouers en leerders, waarin samewerking en vertroue tussen alle partye sal seëvier tydens die leerproses. Indien 'n leerder hom/haar skuldig sou maak aan die onderstaande word die saak deur die hoof na die dissiplinêre komitee verwys wat soos volg saamgestel word:

'n Voorsitter, wat 'n ouerlid van die Beheerliggaam moet wees, sowel as 2 addisionele lede wat nie die Hoof mag insluit nie.

Ernstige wandade:

- As 'n leerder die onderrig of leerproses in die klas ernstig bedreig, ontwig of vertraag.
- Aan sameswering deelneem om die behoorlike funksionering van die skool deur middel van kollektiewe optrede, te ontwig.
- Die menswaardigheid van 'n personeellid of medeleerder aantas of belaster.
- Enige toets of eksamenmateriaal versprei wat enige ander persoon in staat mag stel om 'n onregverdigde voordeel in 'n toets of eksamen te verkry.
- In 'n toets of eksamen oneerlik optree.
- Op enige wyse onweloweglik in die openbaar optree.
- Enige ander persoon seksueel lastig val.
- In besit van enige pornografiese materiaal gevind word, of sodanige materiaal versprei ook deur middel van selfone of rekenaars.
- Onder die invloed van alkohol of enige ander dwelmmiddel is.
- Enige dokument of handtekening vervals tot werklike of potensiele nadeel van die skool.
- Hom of haar aan wangedrag skuldig maak.
- Hom/haar aan diefstal skuldig maak, of andersins tot nadeel van 'n ander persoon oneerlik optree.
- In besit van enige gevaarlike wapens (messe/vuurwapens, en ander gevaarlike items soos rekkies, pea shooters" laserstraalig, ens) gevind word.
- Enige persoon se eiendom kwaadwillig beskadig
- Enige ander persoon aanrand of dreig om iemand aan te rand.
- Enige persoon as gyselaar aanhou.
- Enige persoon vermoor.
- Enige persoon verkrag.

Dissiplinêre beleid of prosedure

Elke leerder en opvoeder wat deel uitmaak van die skoolopset, is onderhewig aan die dissiplinêre beleid. Die rolspelers wat deel uitmaak van die implementering en toepassing van die dissiplinêre beleid is

- Beheerliggaam
- Skoolhoof
- Graadvoogde
- Onderwyskorps van Laerskool Hennospark
- Blougolfraad
- Ouers van leerders
- Leerders

Naas die Gedragskode, bestaan die Dissiplinêre beleid om minder ernstige dissiplinêre probleme aan te spreek.

B DISSIPLINÊRE BELEID VIR LAERSKOOL HENNOPSPARK TEN OPSIGTE VAN LEERDERS

1. SKOOLDRAG EN ALGEMENE NETHEID - om selftrots te skep by ons leerlinge.

Skoolklere moet altyd netjies en skoon wees.

Somer: Dogters: Skoolrok
Swart skoene of kaalvoet
Blou skoolkouse
"Pull-over"
Koningsblou "ski"broekie (kort)

Seuns: Grys skoolbroek
Wit skoolhemp (Hemde moet ingesteeek wees)
Swart skoene of kaalvoet
"Pull-over"
Grys kouse

Blougolfraad: Seuns: Blou hemp. Dogters: band

Winter: Dogters: Wit skoolhemp
Grys skool langbroek
Skool Blou V-nek trui of "pull-over"
Drimac - skool se koningsblou baadjie/Erekleure-baadjie
Grys skoolkouse
Swart skoolskoene
Navy Fleece Sweater met poot

Blougolfraad: Blou hemp en ligblou serp

Seuns: Wit hemp
Grys langbroek
Swart skoolskoene
Grys kouse
Drimac (Koningsblou van skool)/Erekleure-baadjie
Skool Blou V-nek trui
"Pull-over"
Navy Fleece Sweater met poot

Blougolfraad: Blou hemp en ligblou serp

LO Drag: Seuns en dogters: Blougolfhempies met blou sportbroek.
Graad 7's dra hul wit Blougolfhempie

Klere moet duidelik gemerk wees. Die skool kan geen verantwoordelikheid aanvaar vir verlore klere nie. (skoene moet ook gemerk word). Geen ander klere is toelaatbaar nie.

Korrekte voorgeskrewe sportdrag moet vir verskillende sportsoorte gedra word. Alleenlik die skool se sportsweetpak word toegelaat. Sweetpakbaadjies mag nie skooltoe gedra word nie, net vir sport.

3.

Alle leerders moet gereeld hul hare was. Omdat kopluisse 'n probleem is, moet u ook daarop bedag wees.

- Hare: Dogters: Geen kuiwe wat leerders pla nie.
Hare mag nie gekleur word of "highlights" ingesit word nie.
Netjies kort of vas sodra dit lank genoeg is.
Linte: wit, geel en die skool se blou linte
Knippies: wit, skool se blou en bruin
Kopbande (Alice band): wit, skool se blou
Geen vreemde, ekstreme haarstyle is toelaatbaar nie.
Geen blomme in hare nie.
Geen gevlegde bandjie om voorkop nie.
- Seuns: Hare moet altyd netjies en kort vertoon. Kort by die ore.
Hare mag nie gekleur word of "highlights" ingesit word nie.
Kort hare is 'n baie praktiese snit vir laerskoolleerlinge omdat hulle nog baie speel en die hare gou vuil en sweterig raak.
Geen vreemde, ekstreme haarstyle is toelaatbaar nie.

Geen juwele, behalwe horlosie, gewone seëlring en klein ooringetjies (sleepers), of klein goue (of silwer) knoppies ("studs").

Geen grimering mag gedra word nie.

Naels moet kort en netjies wees.

Geen naellak mag gebruik word nie. Ook nie op toonnaels nie.

Geen sweetbande, rekkies mag om arms gedra word nie.

- Tasse: Tasse met rakke om boeke te **beskerm**.
Geen sakke mag gebruik word nie. Geen tasse mag bekrap word nie.
Indien handboeke of handleidings beskadig word, sal van ouers verwag word om die vervangingskoste te betaal.

2. ALGEMENE OPTREDE

Van die leerders van Hennospark word daar verwag dat hulle te alle tye vriendelik en hulpvaardig moet wees. Enige besoeker moet vriendelik gegroet en gevra word of hy/sy gehelp kan word.

3. OPTREDE TYDENS KLASWISSELING

- 3.1 Die klas moet as groep binne 5 min van een klas na die ander verwissel. As vyf minute verstreke is, sal leerders wat laat was sonder 'n grondige verskoning, aangemeld word op Class Do-Jo.
- 3.2 Dogters stap altyd voor en seuns direk agter die laaste dogter in 'n netjiese ry. Klasleidster voor, klasleier agter. Die reël van "hou links, gaan regs verby" moet toegepas word.
- 3.3 Die volgende is verbode tydens klaswisseling
Oortreding
3.3.1 Stampery en pootjie van leerders

4.

- 3.3.2 Oopmaak van ander leerders se tasse
- 3.3.3 Hardloperij
- 3.3.4 Klapperij van hande met aankomende klas
- 3.3.5 Om verkeer op die stoepe te vergemaklik, moet leerders links hou op die trappe en stoepe. Gedurende klaswisseling moet die leerders hierby bly. Geen drukkie na klas nie.
- 3.3.6 Speel met voorwerpe soos rugby/netbal balle, ens. Tasse word buite, teen die muur, in twee netjiese rye geplaas. Tasse wat nie so geplaas word nie, sal geskut word.

Straf

Indien 'n kind hom aan een van die bogenoemde skuldig maak, sal daar dadelik teen hom/haar opgetree word.

4. OPTREDE IN KLASSE

4.1 Intersen- en Seniorfase - Graad 4 - 7

- 4.1 Leerders stap dadelik in 'n klas in as dit leeg is, of staan netjies voor die klas, dogters teen die muur en seuns teenoor hulle in twee rye totdat die klas ontruim is. Laat 'n ruimte in die middel vir ander klasse om verby te kom. Los sakke en tasse bly buite in netjiese rye.

Leerders word aangemoedig om sakke en ander sportapparaat eerder in hul voogklasse te los.

- 4.2 Leerders sit dadelik en pak hulle boeke uit - geen rondloperij of speletjies in die klas nie. Na die vyf minute klaswisseling moet die leerlinge stil wees - reg vir onderrig.
- 4.3 Na die verloop van die klas, as die klok lui en die onderwyser opdrag gegee het om in te pak, staan die dogters op en tree aan. Die seuns bly by hul banke totdat die dogters amper almal uit is. **Die personeel moet met klaswisseling buite haar/sy deur staan om toe te sien dat dit ordelik geskied.**
- 4.4 Indien 'n personeelid die klas tydens 'n lesperiode vir 'n oomblik moet verlaat, word daar van die leerlinge verwag om rustig aan te gaan. Die hulp van klasleiers word hier gevra - niemand loop rond nie, niemand speel of skreeu nie. Name word opgeskryf.
- 4.5 **Afkondigings:** As daar afkondigings gemaak word moet leerders stil sit om te luister.
- 4.6 Geen leerders skree 'n antwoord uit nie. Hy/sy steek hul hand op om te antwoord.
- 4.7 Geen etery en koeldrankdrinkery word in klasse toegelaat nie. Dit sluit kougom in. Leerders mag 'n bottel water in die klas hê om te drink. Indien hulle water mors, moet hulle dit self skoonmaak.
- 4.8 Leerders moet hul eie skêre, boeke, gom, kleurpotlode, penne en potlode hê - om te leen veroorsaak 'n probleem.
- 4.9 Leerders mag nie op die tafels en ander meubels krap of skryf nie - ouers sal dadelik telefonies gekontak word. Swak gedrag word dadelik hanteer.

Grondslagfase

(Aanvulling ten opsigte van Grondslagfase)

Leerders tree in twee rye voor die klas aan. Niemand gaan in voor die juffrou nie daar is nie (tensy anders gereël). Leerders bêre en pak besittings uit, staan langs die bank vir groet en gebed (begin van die dag).

- 4.10 Leerders mag slegs die laaste 5 min van 'n periode gestuur word of 'n ander onderwyser te gaan sien.

As die interkom aangaan, vou die leerders hul arms of plaas vingers op die mond (verkieslik laasgenoemde). Grondslagfase leerders moet groet as volwassene inkom. Kamerverlaat in klastyd word beperk. Slegs 1 kind op 'n slag. (Lig onderwysers in van fisiese of mediese probleme). Leerders wat gestuur word, dra 'n boodskapkaartjie. Met wisseling (saal, media, rekenaar) stap personeel saam met kinders.

Na pouse was leerders hande en gaan kledkamers toe.

Junior leerders wat tot 13:30 wag, moet voor die Graad 1 klasse op die gras onder toesig speel - geen leerder mag tussen klaskamers of by die naskoolsentrum wag of speel nie.

Straf ten opsigte van Grondslagfase

Elke onderwyseres het 'n boek waarin alle oortredings aangeteken word - een bladsy per kind, datum en aard van oortreding word aangeteken. Na drie oortredings word 'n brief uitgestuur. Na nog drie word die ouers geskakel. Alle oortredings word via die adjunkhoof gedoen. Met laasgenoemde brief word 'n onderhoud aangevra. Werk volgens 'n kaartstelsel:

- Geel kaart - eerste waarskuwing
- 5 inskrywings op geel kaart - geel dissiplinêre brief
- 3 geel briewe - rooi brief

5. SAALOPENING EN ANDER SAALPERIODES

- 5.1 Leerders stap saam met personeellid, in rye saal toe. Dogters links en seuns regs in. Blougolfraad en personeel help dat dit ordelik geskied.
- 5.2 Geen leerder mag in die saal gesels nie, almal sing totdat opening begin.
- 5.3 Die volgende is nie toelaatbaar in die saal nie:
- 5.3.1 Vroetel terwyl daar gepraat word
- 5.3.2 Speel met mekaar se hare
- 5.3.3 Praat in plaas van sing
- 5.3.4 Kosblikke, balle, kolwe, ens. moet buite die saal teen die muur gelaat word. Die Blougolfraad help om te kyk dat alles ordelik geskied.
- 5.3.5 Geen selfone word in die saal toegelaat nie. (Geen selfone sigbaar by die skool nie)
- 5.3.6 Geen leerder word van Saalopening en ander saalperiodes verskoon, sonder toesig of toestemming van 'n personeellid nie.
- 5.4 Die saal word van voor en agter ontruim - Twee rye ontruim die saal gelyktydig. Leerders stap netjies in rye tot by die klas. Geen leerder mag in die saal wees sonder 'n leerkrag se toesig nie.

6. SKOOLTYE

Intersen- en Seniorfase:	Graad 4 - 7	07:30 - 13:40
Grondslagfase:	Graad 1	07:30 – 13:00
	Graad 2 & 3	07:30 - 13:20
	Graad R:	08:00 – 13:00
Vrydae:	Gr 1 - 3	07:30 – 13:00
	Gr 4 - 7	07:30 - 13:10
	Graad R:	08:00 – 13:00

Leerders wat na 7:30 by die skool aankom, moet by die hoofingang inkom en rapporteer by die kantoor. Die “Laat vir skool”-register moet ingevul word. Ouers van leerders wat laat opdaag vir skool, moet aan die onderwyser skriftelik verskoning aanbied. Indien dit gereeld gebeur, sal die ouers gekontak word. Wanneer leerders soggens by die skool afgelaai word, mag hulle nie weer die skoolgronde verlaat en in die strate rondwaal nie.

Pouses:

Leerders moet op die terrein speel wat aan hul toegeken is.

Leerders mag nie deelneem aan gevaarlike sportsoorte/speletjies gedurende pouses nie.

Indien 'n leerder 'n besering opdoen gedurende pouse, moet die personeellid aan diens onmiddellik deur mede-leerders in kennis gestel word.

Daar mag geensins met balle tussen die geboue, in die saal en naby motors gespeel word nie.

Leerders moet terrein skoon hou - geen rommelstrooiing nie.

Veiligheid:

Leerders moet vreemde persone wat op die skoolgronde rondloop, onmiddellik aanmeld by die kantoor.

Leerders moet binne die terrein vir hulle ouers wag.

Geen leerder mag die skoolterrein verlaat sonder die toestemming van die Hoof nie.

Hekke word gesluit met die aanvang van die skooldag en weer oopgesluit met die einde van die skooldag.

Ouers moet van die Hoofingang gebruik maak gedurende die skooldag.

Alle ouers moet by die kantoor aanmeld indien hulle besoek wil aflê by 'n personeellid.

'n Afspraak moet gemaak word. Geen ouers mag sonder toestemming na klasse waar onderrig plaasvind, gaan nie.

Noodplan:

- Bly kalm.
- Wag vir onderwyser se instruksies.
- Klasleier neem die klaslys saam wanneer na sentrale punt beweeg.
- Lang klok – ontruim.
- Kort klok – lê op grond.

7. HUISWERK

7.1 Leerders EN OUERS is verantwoordelik daarvoor dat huiswerk gedoen word.

7.2 Leerders is self verantwoordelik vir die neerskryf van huiswerkopdragte in hul studiegids. GSF plak weekliks hul huiswerk in.

7.3 Wanneer 'n leerder afwesig is, MOET hy self die agterstallige huiswerk/toets by 'n maat of die onderwyser kry en inhaal. (Buddy sisteem).

- 7.4 Asseblief, GEEN kommunikasie deur ouers of personeel in kinders se boeke nie. Stuur nota apart of skryf in die huiswerkboek.
- 7.5 Met herhaalde briewe of by herhaling van ernstige oortreding, sal daar 'n onderhoud met die ouers gevoer word - daarna sal dit na die Dissiplinêre Komitee verwys word. Indien dit in belang van die leerder blyk te wees, kan daar gevra word om die leerder na 'n ander skool te neem. 'n Nuwe begin kan die kind se naam dalk in ere herstel.
- 000000007.6 Grondslagfase: Werk ook volgens kleurkaarte.

8. **ALGEMENE REËLS**

8.1 **Blougolfraad verkiesing**

Die personeel en Beheerliggaam behou hom die reg voor om enige leerder wat hom of haar wangedra op 'n gereelde basis, van die finale lys te verwyder. Dieselfde reëling word ook toegepas by leerders wat klaar gekies is en hulle dan herhaaldelik wangedra. Na drie waarskuwings sal onderhoude met die ouers en leerder gevoer word voordat 'n finale besluit geneem word.

8.2 **Uitstappies**

Indien 'n leerder gedurende die kwartaal gedragsprobleme het, sal hy/sy nie 'n uitstappie of toer kan meemaak nie. Indien so 'n kind die volgende kwartaal geen gedrags- oortreding begaan nie, sal hy/sy weer toegelaat word om uitstappies van die skool mee te maak. Die hoof sal sy diskresie in elke geval gebruik.

Grondslagfase: kaartstelsel word ook gebruik ten opsigte van uitstappies.

8.3 Ons respekteer mekaar, daarom mag leerders:

- 8.3.1 Geen selfone sigbaar by die skool hê nie.
- 8.3.2 Mekaar nie spoeg nie
- 8.3.3 Mekaar nie spot nie
- 8.3.4 Nie handgemeen raak nie
- 8.3.5 Papiere mag nie op die speelgronde of in die klasse rondgegooi word nie.
- 8.3.6 Geen vuil taal van enige aard sal geduld word nie (Dit word as **baie** ernstig beskou).
- 8.3.7 Dogters en seuns mag nie dogters se rokke oplig nie of met mekaar se klere peuter nie.
- 8.3.8 Niemand mag op die stoepe hardloop nie.
- 8.2.9 Leerders mag nie tussen personeel se voertuie speel nie.
- 8.3.10 Ongehoorsaamheid, ongemanierdheid en teëpratery of enige minagting van gesag sal nie geduld word nie. 'n Leerder het die reg om sy/haar saak op 'n volwasse wyse te debatteer.
- 8.3.11 **Toilette** - As 'n leerder mors, moet hy dit self skoonmaak. Slegs 1 leerder word op 'n keer toegelaat om die toilette te besoek gedurende klastyd.
- 8.3.12 Diefstal, rook, wegbly van skool of klas sonder toestemming, vloek, onsedelike gedrag, vandalisme, inbraak, aanranding en pornografie (die bring, hanteer, wegsteek en ruil) is verbode. (Sien Ernstige oortredings).
- 8.3.13 Geen kougom mag gekou word in skooltyd nie.
- 8.3.14 Indien 'n leerder siek word in skooltyd moet hy eers vir sy graadvoog sê. Graadvoog/Onder-graadvoog teken Huiswerkboek en dan moet hy/sy eers alle oorblywende vakke van die dag se onderwysers se handtekening kry. Daarna kan leerder na die kantoor gaan, voordat sy ouers hom/haar kan kom haal of siekekamer toe gaan. Leerders mag nie self ouers skakel nie. Ouers moet uitteken in die boek in die voorportaal.

8.

8.3.15 Sportgronde: Leerders van Hennospark mag smiddae en Saterdag die sportgronde op 'n verantwoordelike wyse gebruik, maar mag nie tussen of in die gebou speel nie.

Tennisbane: Daar mag slegs tennis met tenniskoene gespeel word op die bane. Geen speletjies word daar toegelaat nie. Daar mag nie op die nette gery word nie. Geen basketbal op netbal- of tennisbane nie. Geen skoene op bane nie.

Sportoefening: Leerders moet hul sportoefening bywoon of verskoning maak by die afrigters - so nie kan hy/sy plek in die span verloor. Slegs skoolsportsweetpakke of blou skooldrag mag oor sportdrag tydens sportbyeenkomste gedra word.

Na skool: Leerders mag nie na skool net op die skoolgronde rond dwaal vir kwaadgeld nie.

Wagklas: Daar is toesig vir leerders vanaf 14:00 tot 15:30 om huiswerk te doen terwyl hulle wag om aan sport deel te neem – Maandag tot Donderdag.

8.3.16: Saal: Geen leerder gedurende of na skool in die saal sonder toesig nie.

Indien 'n kind hom aan bogenoemde skuldig maak, sal dit met u kind opgeneem word. Met ernstige oortredings sal ouers direk gekontak word en sal die saak verwys word na die Dissiplinêre Komitee. Indien minder ernstige gevalle herhaaldelik voorkom, sal ouers gekontak word. Ouers sal geskakel word of in onderhoude betrek word om in belang van die kind die beste opsies te oorweeg om probleme op te los en verdere probleme te voorkom.

8.3.17 Gedragskode vir Sportleerders tydens sportuitstappies, toernooie, wedstryde en toere.

Bylaag A

8.3.18 Kamp/uitstappie gedragskode

Bylaag B

8.3.19 Class Do-Jo

Bylaag C

8.3.20 Boeliegedrag

Bylaag D

9. SAMEVATTING

As ouers, personeel en leerders van Laerskool Hennospark, is dit ons missie om aan elke leerder die geleentheid te bied om in 'n rustige, gestruktureerde en gelukkige milieu, kwaliteit onderrig te ontvang. Binne 'n raamwerk waar orde heers en gesag gerespekteer word, ervaar ons kinders 'n gevoel van veiligheid. U as ouers moet asseblief hierdie kode met u kind deurwerk en alle onduidelikhede aan hulle verduidelik weereens met die klem op die positiewe. Ons glo en vertrou dat u as ouers en leerders dié kode positief sal ervaar en dat dit net tot voordeel van ons kinders sal wees.

Kom ons soek deurentyd die beste en mooiste in elke kind. Lincoln het gesê: "Soek die verkeerde en u sal dit sekerlik vind."

**J H RAATH
HOOF**

**JA DU PLESSIS
VOORSITTER: BHL**

STRAFMAATREëLS

KODE	GEDRAG	Aksie geneem
VLAK 1		
01	Wangedrag in/buite klas en saal	Aanmelding deur personeel op Class Do-jo Graadhoofde hanteer
02	Huiswerk nie gedoen	
03	Dagboek/Amptelike skoolrooster nie in besit	
04	Verlaat klas sonder toestemming	
05	Buite klas/saal sonder nodige kaartjie	
06	By snoepie in klastyd sonder toestemming	
07	In verkeerde toesigklas	
08	Verbode terrein	
09	Laat vir periode	
10	Laat vir skool (3 maal)	
11	Verkeerde skooldrag / onnet voorkoms	
12	Tree disrespekvol op	
13	Rommelstrooi	
14	Spoeg in die publiek en/of gebruik vuil taal	
15	Eet en drink in klaskamer of saal sonder toestemming	
16	Bedreig mede-leerders fisies, geestelik of moreel	
17	Woon nie oefeninge by nie (sonder verskoning)	
18	Selfoon sigbaar en gebruik tydens skooltyd	
19	Tasse op verkeerde plek	
VLAK 2 - Oortredings wat tot skorsing kan lei na herhaaldelike wangedrag		
20	Selfoon/lpad sigbaar in klas/op terrein	Adjunk-hoofde hanteer
21	Een periode ontduik / verkeerde toesigklas	
22	Verskeie periodes ontduik/skool ontduik	
23	Banke, skool eiendom beskadig (minder ernstige vandalisme)	
24	Graffiti op boeke en geboue	
25	Rook/ besit van sigarette (tabak)/rooktoeskouer	
26	Skiet van klappers / rekkies, ens.	
27	Gooi van klippe	
28	Diskriminerende gedrag/boelie	
29	Herhaaldelike vloek/skeltaal en onaanvaarbare tekens	
VLAK 3 – Oortredings wat tot uitsetting kan lei		
1	Oneerlik	Dissiplinêre Komitee Hoof
2	Vertel leuens	
3	Vervalsing	
4	Eksamenonreëlmatigheid (Verbeur punt vir vraestel)	
5	Rook by herhaling/Rook in skoolgeboue	
6	Drankgebruik/Dwelmgebruik/Onder die invloed	
7	Diefstal	
8	Onsedelike gedrag/pornografie/netwerkmisbruik	
9	Meer ernstige vandalisme	
10	Gevaarlike wapens by die skool	
11	Ernstige morele oortredings/Fisiese aanranding/laster/verbale boeliery (fisies/verbaal) – herhaaldelike oortreding	
12	Netwerk afknouing /Naamskending dmv Facebook/Twitter/Mxit/Wats-App	
13	Skending van die regte van ander leerders deur ontwrigting van klas sodat onderrig nie kan plaasvind	



LAERSKOOI HENNOSPARK

GEDRAGSKODE VIR SPORTLEERDER TYDENS SPORTUITSTAPPIES, TOERNOOIE, WEDSTRYDE EN TOERE

Die skool is 'n geordende gemeenskap en tree altyd gedissiplineerd op — dit is bevorderlik vir prestasie. Die beste dissipline is selfdissipline en daarom streef ons by Laerskool Hennospark tot ons eie voordeel en tot voordeel van mekaar, altyd daarna.

Sport dra die positiewe beeld van die skool uit en dien as 'n instrument om geleentehede aan ons leerders te bied om hulle vaardighede teen die bestes te toets. Die samewerking van elke leerder en ouer word vriendelik gevra.

VERKLARING:

- 1 Dat ek my van die skoolreëls vergewis het soos in Hennospark se Dissiplinêre Beleid uiteengesit is en dat ek my verbind tot nakoming daarvan tydens 'n sportuitstappie, toernooi, toer en/of wedstryd. Ek sal my neerlê by enige stappe wat deur die hoof of beheerliggaam geneem word wat uit die oortreding van hierdie reëls mag voortspruit.
- 2 Dat ek die wedstrydreëls van die organiseerder/s van 'n toernooi/toer/ uitstappie/ wedstryd sal nakom.
- 3 Dat ek die etiket van sport sal eerbiedig en alle sportreëls sal nakom. Ek sal altyd goed gemanierd en hoflik optree teenoor my medespeler/s, personeel, baanskeidsregters/afrigters, besoekers en die publiek en hulle met respek behandel. (Parmantigheid en teëpraterij sal nie geduld word nie,- die reël geld ook op die sportbaan/-veld).
- 4 Dat ek geen onweloweglike taal in die openbaar of op die sportbaan sal gebruik nie. Ek sal te alle tye selfdissipline aan die dag lê en die gedragskode en etiket van my sport volg.
- 5 Dat ek die voorgeskrewe kleredragreëls en -vereistes van die skool en/of gasheer skole/klubs sal respekteer en gehoorsaam tydens die speel en na afloop van die toernooi/ wedstryd/uitstappie/toer.
- 6 Dat ek my ten alle tye sal verbind tot die addisionele reëls wat deur my onderwyser/afrigter/skool of enige persoon in beheer van die groep vir die spesifieke toernooi/uitstappie/toer/wedstryd daargestel is, sal nakom.
- 7 Dat ek tydens toere die slaapyd wat van my verwag word om in my kamer te wees, sal eerbiedig.
- 8 Indien my ouers/voogde/vriende deel is van die uitstappie/toernooi/toer/wedstryd, of terselfdertyd met hulle eie groep teenwoordig is, ek nog steeds die reëls van Laerskool Hennospark sal eerbiedig en my daartoe verbind.
- 9 Dat ek nie die terrein/baan/blyplek sal verlaat (met of sonder my ouers) sonder die nodige toestemming van die persoon/persone in beheer nie.

2.

- 10 Dat ek my nie sal skuldig maak aan enige vorm van vandalisme of beskadiging van enige eiendom nie. Enige eise wat daaruit voortspruit, sal deur my of my ouers betaal word.
- 11 Indien ek skuldig bevind word aan 'n oortreding van enige wedstrydreëls of riglyne, moet ek by die dissiplinêre sportkomitee se besluit berus.
- 12 Enige skoolwerk/toetse wat ek gedurende die tyd mis, sal ek so gou as moontlik inhaal en met my onderwysers die nodige reëlings tref.
- 13 Indien ek my aan ernstige oortredings skuldig maak, sal ek op my ouers se onkoste teruggestuur word huis toe.
- 14 Verskillende geslagte word nie in mekaar se kamers toegelaat nie. Ek sal my nie hieraan skuldig maak nie.
- 15 As ouer gee ek hiermee toestemming dat my kind aan al die aktiwiteite tydens die sport, kursus, uitstappie of toer mag deelneem, asook vir vervoer na en van aktiwiteite.
- 16 As ouer onderskryf ek die gedragskode vir deelnemers, sowel as vir toeskouers en ouers.

Laerskool Hennospark

Gedragkode: Spelers

RIGLYNE

1. Spelers moet te alle tye deelneem binne die reëls van die spel/sport.
2. Spelers mag onder geen omstandighede die besluit van 'n beampte/skeidsregter in twyfel trek of bevraagteken nie.
3. Werk en oefen hard vir jouself en jou medespanlede.
4. Spelers moet te alle tye die nodige respek toon aan opponent en medespanlede, ongeag kleur, ras, geslag of vermoë.
5. Spelers moet te alle tye goeie sportmangees openbaar en goeie spel van opponent en medespelers erken en krediet gee aan wie dit toekom.
6. Spelers moet te alle tye hul temperament beteuel. Geweld en verbale mishandeling teenoor beamptes/skeidsregters, opponent en medespelers word ten strengste verbied.
7. 'n Speler moet te alle tye sy span se belange voor sy eie stel.
8. Moet nooit arrogant optree na 'n oorwinning nie of nors na 'n nederlaag nie – wees altyd respekvol, genadig en vriendelik teenoor opponente ongeag die uitslag.
9. Gedissiplineerde gedrag deur n speler/deelnemer is te alle tye nodig, op en van die veld/baan af.
10. 'n Speler moet te alle tye gehoor gee aan die gedragkode soos vereis deur die skool en/of toernooi organiseerder.
11. 'n Speler mag nie toerusting en/of fasiliteite misbruik of beskadig nie.
12. 'n Speler moet te alle tye sy afrigter en/of kaptein se besluite repekter en eerbiedig.
13. Spelers moet speel en deelneem vir hul eie genot daarvan en nie om ouers en/of afrigters tevrede te stel nie.

Laerskool Hennospark

Gedragkode: Ouers en Ondersteuners

DOELSTELLING

Om te verseker dat ondersteuners te alle tye 'n goeie beeld van Laerskool Hennospark uitdra, omdat ondersteuners 'n belangrike skakel tussen deelnemers, die skool en die publiek is.

Laerskool Hennospark se ondersteuners kan 'n positiewe bydrae lewer en 'n groot verskil maak deur onderstaande riglyne na te kom.

RIGLYNE

1. Ondersteuners moet te alle tye positiewe ondersteuning aan deelnemers gee, d.w.s. geen kritiek op medespelers of ouers lewer nie.
2. Ondersteuners mag onder geen omstandighede deelnemers tot vuilspel aanmoedig nie.
3. Onder geen omstandighede mag skeidsregters of beamptes gekritiseer, gevloek of aanmerkings oor gemaak word nie.
4. Ondersteuners mag onder geen omstandighede by argumente, bakleiery, ens, met ondersteuners van ander skole betrokke raak nie.
5. Geen vuiltaal sal langs die sportveld toegelaat word nie.
6. Geen alkohol word op die skoolterrein toegelaat nie.
7. Ondersteuners moet te alle tye op die pawiljoen of agter die advertensieborde sit, as daar nie 'n pawiljoen is nie. Ouers en Ondersteuners sal nie op die speelveld of by die span toegelaat word nie.
8. Indien 'n ouer sou opmerk dat leerders hulle skuldig maak aan wangedrag, soos bakleiery, onsportiewe gedrag en vuiltaal op die sportveld, word dit van daardie ouer verwag word om sodanige insident onmiddellik aan die betrokke afrigter/sportorganiseerder te rapporteer. Identifisering van die persoon is belangrik.
9. Hennospark ouers en ondersteuners sal deur hul goeie gedrag 'n voorbeeld vir ander ondersteuners wees.
10. Indien 'n ouer of ondersteuner 'n probleem het wat hy/sy onder die aandag van die skool wil bring, kan hy/sy dit met die sportkomiteelid bespreek of die dag na die wedstryd of byeenkoms met die afrigter, sportorganiseerder of sporthoof opneem deur 'n afspraak by die skool te maak.
11. Ouers en ondersteuners moet onthou dat spelers deelneem vir eie genot en ontwikkeling en nie vir die genot van hul ouers/afrigters nie.
12. Moedig spelers aan om te speel binne die reëls en die etiket van die spel.

13. Ouers en Ondersteuners moet 'n voorbeeld wees van goeie sportmangees aan hul kinders. Ondersteun ook binne die etiket van die spel.
14. Ouers moet dankbaarheid en respek betoon vir die tyd en moeite wat afrigters, beamptes, skeidsregters en organiseerders insit uit die liefde vir sport.
15. Wanneer 'n speler vir 'n span gekies word is hy die verantwoordelikheid van die spanafrigter en geen ouer-inmenging sal geduld word nie.
16. Ouers moet afrigters en sportorganiseerders respekteer en kanale van kommunikasie volg.
17. Ouers moet kinders help met vaardigheidsontwikkeling en opvoeding om goeie sportmangees te openbaar. Die wedstrydplan en spankeuses berus by die afrigters en ouers moet dit respekteer en aanmoedig en sal nie toegelaat word om daarby in te meng nie.
18. Onthou kinders leer by die voorbeeld wat hul ouers stel.

LAERSKOOI HENNOSPARK



Gedragkode vir Sport

Verklaring deur leerders in samewerking met ouers

OUERS:

Ek/Ons, ouer van _____ erken ontvangs van die Gedragkode vir Sport en bevestig dat ek kennis van die inhoud geneem het.

HANDTEKENING: VADER

HANDTEKENING: MOEDER

LEERDERS:

Ek verstaan dat ek 'n venster van Laerskool Hennospark is en altyd so sal optree. Ek belowe om nooit die skool se naam skade aan te doen nie.

NAAM: _____

GETEKEN: _____

DATUM: _____



LAERSKOOL HENNOPSPARK

GEDRAGSKODE VIR LEERDER TYDENS UITSTAPPIES EN KAMPE

Laerskool Hennospark is 'n geordende gemeenskap en tree altyd gedissiplineerd op — dit is bevorderlik vir prestasie. Die beste dissipline is selfdissipline en daarom streef ons by Laerskool Hennospark tot ons eie voordeel en tot voordeel van mekaar, altyd daarna.

VERKLARING:

1. Dat ek my van die skoolreëls vergewis het soos in Hennospark se Dissiplinêre Beleid uiteengesit is en dat ek my verbind tot nakoming daarvan tydens 'n sportuitstappie, toernooi, toer en/of wedstryd. Ek sal my neerlê by enige stappe wat deur die hoof of beheerliggaam geneem word wat uit die oortreding van hierdie reëls mag voortspruit.
2. Dat ek die reëls van die organiseerder/s van /toer/ uitstappie/ wedstryd sal nakom.
3. Dat ek die etiket van sport sal eerbiedig en alle sportreëls sal nakom. Ek sal altyd goed gemanierd en hoflik optree teenoor my medespeler/s, personeel, baanskeidsregters/afriegers, besoekers en die publiek en hulle met respek behandel. (Parmantigheid en teëpraterij sal nie geduld word nie,- die reël geld ook op die sportbaan/-veld).
4. Dat ek geen onweloweglike taal in die openbaar of op die sportbaan sal gebruik nie. Ek sal te alle tye selfdissipline aan die dag lê en die gedragskode en etiket van my sport volg.
5. Dat ek my ten alle tye sal verbind tot die addisionele reëls wat deur my onderwyser/afrieger/skool of enige persoon in beheer van die groep vir die spesifieke toernooi/uitstappie/toer/wedstryd daargestel is, sal nakom.
6. Dat ek tydens toere die tye wat van my verwag word om in my kamer te wees, sal eerbiedig.
7. Indien my ouers/voogde/vriende deel is van die uitstappie/toernooi/toer/wedstryd, of terselfdertyd met hulle eie groep teenwoordig is, ek nog steeds die reëls van Laerskool Hennospark sal eerbiedig en my daartoe verbind.
8. Dat ek nie die terrein/baan/blyplek sal verlaat (met of sonder my ouers) sonder die nodige toestemming van die persoon/persone in beheer nie.
9. Dat ek my nie sal skuldig maak aan enige vorm van vandalisme of beskadiging van enige eiendom nie. Enige eise wat daaruit voortspruit, sal deur my of my ouers betaal word.
10. Indien ek skuldig bevind word aan 'n oortreding van enige wedstrydreëls of riglyne, moet ek by die dissiplinêre sportkomitee se besluit berus.
11. Enige skoolwerk/toetse wat ek gedurende die tyd mis, sal ek so gou as moontlik inhaal en met my onderwysers die nodige reëlings tref.
12. Verskillende geslagte word nie in mekaar se kamers toegelaat nie. Ek sal my nie hieraan skuldig maak nie.
13. As ouer gee ek hiermee toestemming dat my kind aan al die aktiwiteite tydens die sport, kursus, uitstappie of toer mag deelneem, asook vir vervoer na en van aktiwiteite.
14. As ouer onderskryf ek die gedragskode vir deelnemers, sowel as vir toeskouers en ouers.

**GEDRAGSKODE VIR LEERDER TYDENS
UITSTAPPIES EN KAMPE**

Verklaring deur leerders in samewerking met ouers

OUERS:

Ek/Ons, ouer van _____ erken ontvangs van die
Gedragkode vir die Gr 4/Gr 6 kamp en bevestig dat ek kennis van die inhoud geneem het.

HANDTEKENING: VADER

HANDTEKENING: MOEDER

LEERDERS:

Ek verstaan dat ek 'n venster van Laerskool Hennospark is en altyd so sal optree. Ek belowe om nooit die skool se naam skade aan te doen nie.

NAAM: _____

GETEKEN: _____ **DATUM:** _____

ClassDojo

Inleiding

Classdojo word gebruik deur Gr. 4- 7 personeel om negatiewe gedrag in klasse aan te teken.

Doel van dissiplinêre sisteem

Die doel is om 'n gedissiplineerde doelgerigte omgewing by die skool te skep, waarin effektiewe opvoeding en leer gefasiliteer kan word. Die doel is om positiewe dissipline, self-dissipline en uitstaande gedrag te bevorder.

Ons kan dit slegs doen met samewerking van u as ouers. U kan self u kind se gedrag in die klasse monitor en dadelik u kind aanspreek oor sy/haar gedrag in die klas.

Die algehele doel van die stelsel is om verkeerde gedrag te verhoed en/of te korrigeer.

Wat is Classdojo?

Dit is die program wat van gr.4-gr.7 gebruik gaan word deur die onderwysers om al die oortredings wat 'n kind mag begaan dadelik aan te teken . Instruksies is aangeheg agterop met 'n **spesiale kode** vir u as ouer om aan te teken en presies te sien in watter onderwyser se klas, asook watter tipe oortreding begaan is en ook op watter datum dit plaasgevind het.

Let wel: U kan slegs twee weke terug se gedrag sien, so dit is belangrik vir u as ouer om weekliks u kind se gedrag te monitor.

Oortredings word aan die begin van elke nuwe kwartaal herstel na 0, so die kind begin elke kwartaal met geen oortredings teen hom. Die vorige oortredings word wel gestoor vir latere verwysing indien dit nodig sou wees.

Wat as ek nie internet by die huis het of 'n slimfoon om die program af te laai nie?

Die program is so opgestel dat ons kan sien watter ouers nie aangeteken het nie. Sodra 'n leerder 6 oortredings teen hom het, sal die betrokke graadhoof 'n brief aan die ouers stuur om die ouers in te lig oor hul kind se oortredings, met 'n afskeurstrokie wat teruggestuur moet word. Hierdie briewe word ook aan ouers gestuur wat wel gebruik maak van die program.

Toegang tot Classdojo kan verkry word deur die internet op jou skootrekenaar of die "app" kan afgelaai word op jou foon. Wanneer daar 'n oortreding is word dit dadelik op Classdojo aangeteken. Daar sal 7 oortredings wys, waar jy slegs die dienooreenkomstige oortreding hoef te selekteer.

The success of teamwork

Coming together is a beginning. Keeping together is progress. Working together is success.

Boeliebeleid

1. **Inleiding**

Boeliery is 'n universele probleem en nie beperk tot skole nie. Laerskool Hennospark moet egter alles in sy vermoë doen om alle leerders se veiligheid te verseker. Laerskool Hennospark verdra geen boelie-gedrag in enige vorm nie en alle lede van die skool en gemeenskap is verbind tot die bevordering van 'n veilige en gesonde leeromgewing. Geen persoon het die reg om 'n ander seer te maak by wyse van boelie-gedrag nie. Personeel, leerders en ouers sal saamwerk om hierdie gedrag teen te werk.

2. **Begripsverklaring**

1.1 **Wanneer word daar na boeliery verwys? Fisies/Verbaal**

'n Boelie is daardie kind wat ander kinders of selfs volwassenes voortdurend terg, spot, verneder, byname gee, skinder, opsetlik vermy met die doel om seer te maak, verstoot, magsposisie misbruik, slaan, klap, skop, seksueel teister, verkrag en gewelddadig teen optree. 'n Boelie is voorts daardie kind wat ander se kos, lekkers en besittings vat, besittings verniel en beskadig, geld van ander steel, gerugte en stories oor maats versprei, maats dreig en intimideer en met vandag se tegnologie, lasterlike en intimiderende SMS'e, e-posse en ander elektroniese boodskappe (Whats-App, Instagram/Facebook, Google boodskappe, Skype) stuur.

Boeliery word gekenmerk deur drie elemente wat afsonderlik of gelyk kan voorkom.

- Aggressie
- Oorwig van mag tussen bullebak en slagoffer
- Fisiese pyn en/of emosionele skade

2.2 **Wie is die slagoffer?**

Enige kind kan die teiken van 'n boelie word. Die slagoffer word gewoonlik uitgesonder as gevolg van psigologiese eienskappe en karaktertrekke eerder as fisiese voorkoms. 'n Tipiese slagoffer is geneig om meer skaam, sensitief, angstig en onseker voor te kom. Sommige kinders word uitgesonder vir fisiese redes soos oorgewig, klein, liggaamlike gebreke soos om 'n bril te dra, ras of geloofsoortuigings.

Die gevolge van om 'n slagoffer te wees, kan aanleiding daartoe gee dat die kind skoolgaan wil vermy en vrees en angs vir die skool ontwikkel.

- Onnodig afwesig by skool.
- Lae selfbeeld en uiteindelik depressie
- Fisiese- en emosionele skade
- Sosialiseringsprobleme omdat medeskoliere nie met slagoffer geassosieer wil wees nie.
- Afwykende gedrag: boelie later self of openbaar opponerende gedrag
- Swak prestasie as gevolg van fokusprobleme

3. **Die aard en omvang van Leerderboeliery**

Daar bestaan 'n persepsie dat afknouery deel van grootwordproses is. Dit het verreikende implikasies:

3.1 **Die slagoffer**

- Slagoffers is onwillig om ouers/leerkrigte in te lig dat hulle afgeknou word.
- Slagoffer vrees weerwraak van die bullebak as hy/sy inligting aan ouers/leerkrigte oordra.
- Sommige leerders voel dat hulle in staat behoort te wees om die probleem self te hanteer.
- Persepsie by leerders dat opvoeder-intervensie die slagoffer se situasie sal vererger.
- Boelie is soms so subtiel dat dit moeilik is om te verwoord.
- Voorafvermelde faktore lei daartoe dat baie opvoeders en ouers onbewus is van die vlakke van bullebakkery waaraan hulle kinders/leerders blootgestel word.
- Fisiese afknouery vind veral tussen seuns plaas, terwyl verbale afknouery veral tussen meisies plaasvind.

3.2 **Die leerkrig**

Die rol van die leerkrig binne die boeliesituasie kan soos volg verder geaksentueer word.

a. **Opvoeders as slagoffer van Boelie**

- Ontwrigtende gedrag deur leerder in klas
- Uittartende gedrag
- Persoonlike opmerkings oor leerkrig
- Beskadiging van leerkrig se eiendom

Deel van bovermelde anti-normatiewe gedrag deur leerder is om leerkrig se gesag af te takel. Gevalle waar leerkrigte aangerand is of aan seksuele teistering blootgestel word, is alombekend. Die ondersteuning van kollegas en drastiese optrede van skoolhoof/Bestuursliggaam in sulke gevalle is ononderhandelbaar.

b. **Opvoeders wat leerders viktimiseer**

Sommige opvoeders kan direk verantwoordelik gehou word vir die skending van kinderregte. Volgens die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders se Gedragskode moet opvoeders:

- Gesag met empatie uitoefen
- Enige vorm van vernedering vermy
- Hulle weerhou van seksuele teistering

4. **Strategieë om bullebakkery aan te spreek.**

- 'n Zero toleransie teen boelies.
- Bewusmaking van boeliery tydens saalperiodes, skrywe in Babelbekkie.
- Aanmelding van boeliery deur leerders/onderwysers.
- Gesprekvoering met ouers van slagoffer/boelie Begeleiding van slagoffer/boelie deur beraders/sielkundiges.
- Indien boelie gedrag voortduur:
 - Tugverhoor
 - Skorsing
 - Uitsetting uit skool

4.1 **Daar word verwag dat die personeel:**

- Sigbaar toesig hou tydens skoolaktiwiteite
- Betyds by klasse opdaag vir onderrig
- Navolgenswaardige gedrag binne en buite die klas openbaar
- Leerders inlig oor die verwagte standaard vir gedrag en die skool- en klasreëls aan leerders voorhou
- Oplettend wees vir enige tekens wat verband mag hou met boelie-gedrag
- Alle aangemelde insidente ondersoek
- Alle aangemelde insidente dokumenteer
- Slagoffers ondersteun en hulp verleen sodat die leerders nie weer blootgestel word aan boelie nie
- Insidente van boelie-gedrag aan graadhoofde, ouers en maatskaplike werkers rapporteer
- Vestig gesonde kommunikasiekanale tussen veral die opvoeders en die ouergemeenskap
- Skakel ongesonde kompetisie/wedywering tussen leerders uit
- Ernstige gesprekke met bullebak en slagoffer asook beide partye se ouers
- Deugde soos vriendskap te beklemtoon
- Na oorlegpleging met beide partye streng teen bullebak op te tree
- 'n Heelskool benadering volg; waar elke personeellid, leerder en ouergemeenskap verantwoordelikheid aanvaar om bullebakkery in die skool uit te roei

4.2 **Daar word verwag dat leerders**

- Weier om betrokke te raak in enige gedrag/aktiwiteite wat geïdentifiseer word as boelie-gedrag
- Alle insidente of vermoedelike insidente van boelie aanmeld by die Hoofde/Beraders of by Onderwysers.

4.3 **Daar word verwag dat ouers en voogde:**

- Bewus sal wees van enige tekens van ongelukkigheid in hul kind wat daarop dui dat die kind geboelie word
- Belangstel in en bewus wees van hul kind se sosiale lewe
- Die skool inlig indien daar enige rede bestaan dat hul kind geboelie word by die skool
- Hulle weerhou daarvan om hul kind te leer om vergeldend op te tree
- Waar hulle kind betrokke was by die mishandeling/boelie van 'n ander leerder teen hul eie kind op te tree hetsy self of by wyse van die inroep van eksterne hulp

5. **Optrede teen boelies**

Die prosedures en strafmaatreëls soos vervat in die skool se Dissiplinêre Beleid en Gedragskode en soos deur die landswette bepaal, is ook in hierdie gevalle van toepassing. Indien leerders se gedrag nie verbeter of verander nie, sal die volgende sanksies toegepas word.

- Dissiplinêre verhoor
- Uitsetting uit die skool